# VAN TYE WAT WAS (Vervolg)

## III

*(Gesprekke met J. J. le Roy Gouws)*

deur

F. A. STEYTLER

## *GEBEURTENISSE*

*Eerste Vryheidsoorlog, 1880 — 1881.*

OOM JAKOB, tant Nellie en vyf van die kinders (die twee oudstes en die drie jongstes) was teenwoordig op die groot vergadering op Paardekraal in Desember 1880 net voor die uitbreek van die eerste Vryheidsoorlog. Oom Roy onthou die maak van die klipstapel baie goed. Almal het klippe, groot en klein, aangedra („my klip was darem nie te klein nie").

Vyf van die Gouws-broers (Martiens, Hans, Hermaans, Japie en Piet) het aan die oorlog deelgeneem. Al vyf was in die Slag op Laingsnek (27 Januarie 1881). Net Hermaans was in diè by Ingogo (8 Februarie); hy het 'n koeël deur die hand gekry en het nie verder aan die stryd deelgeneem nie. Martiens het siek geword en het huis toe gegaan. Hans, Japie en Piet was lede van die afdeling onder Nicolaas Smit by die bestorming van Majoeba (27 Februarie).

Waschbank, soos reeds gesê, is ongeveer 24 myl van Laingsnek af. Oom Roy is eenmaal per week daarheen gestuur om kos (hoofsaaklik boerbeskuit) vir die broers te neem en, soos tant Nellie gesê het, „om te kyk hoe dit met die kinders gaan". Dit herinner aan David wat „gebraaide koring en hierdie tien brode" na sy broers aan die front moes neem. Hy moes ook „ondersoek doen na die welstand van sy broers".(14) In albei gevalle was daar 'n bekommerde moeder in die agtergrond. Die ooreenkoms tussen die twee gevalle was treffend, maar wat oom Roy betref, was daar geen Goliat nie!

Oom Jakob het hom vroeg geroep. 'n Jong naturel, Takaat, is saam en teen 9-uur was hul by die nek. By een geleentheid het hy 'n sak vol groenmielies op 'n pakperd saamgeneem.

Een môre, 27 Januarie, hoor oom Jakob die gebulder van kanonne. Hy het teen die rant agter die huis uitgeloop en geluister en geluister. Hy het vir 'n tweede keer die kanonne gehoor. Ten einde uit te vind wat daar gebeur het, het hy oom Roy die volgende môre vroeg na die nek gestuur. Toe laasgenoemde daar kom, hoor hy van die geveg wat die vorige dag plaasgevind het. Daar was 'n wapenstilstand aan die gang en die Engelse was besig om die laaste

(14) I Samuel 17 : 17, 18.

gesneuweldes te begrawe — die gewondes is al die vorige dag verwyder. Die soldate was gekleed in rooi baadjies, blou broeke en het vaal-wit helmhoede gedra. Hul was verwonderd om die Boerseun vlot Engels te hoor praat en wou weet waar hy diè taal leer praat het. Hulle was nog meer verwonderd toe hulle hoor dat daar 'n Engelse onderwyser op die plaas was.

Oom Roy was so vriendelik om my op 22 Mei 1956 na Laingsnek te vergesel toe ek die terrein van die geveg besoek het. Ons het per motor na die plaas Craigerholm van mnr. R. J. Bezuidenhout (links van Laingsnek) gereis en toe die rant agter die huis uitgeloop na die slagveld. Ten spyte van sy 87 jaar het oom Roy — hoewel taamlik kortasem — die plek met gemak bereik. Dit is ongeveer twee myl oos van die punt waar die nasionale pad die berg afgaan. Ooswaarts van die pad is daar 'n betreklik gelyke plato, dan 'n kort afdraand na 'n gelykte en daarna 'n grasrant wat tot by die oorkantste berg strek.

Oom Roy het op die dag van sy besoek aan die slagveld van sy broers en daarna herhaaldelik van hulle en van andere die verloop van die geveg gehoor. Die oorlog, trouens, was jarelank 'n onderwerp van gesprekke en die gebeurtenisse is tot in die kleinste besonderhede uitgepluis.

Oom Roy het die geveg van 27 Januarie as volg opgesom:

Die Engelse was nie so dom om met die pad op na die nek, waar die hoofmag onder genl. Piet Joubert was, te marsjeer nie. Hulle het na die gelykte tussen die plato en die grasrand gemik om sodoende om die linkerflank van die Boere te gaan en die hoofmag van die kant af aan te val. Op die verste punt van die grasrant was ongeveer 100 Wakkerstroomers onder kommandant Gert Britz; hul perde was agter hulle aan die voet van die rant. Die kommandant kon duidelik sien wat die taktiek van die Engelse was, maar hy het niks gedoen nie. Die voorste punt van die vyand het die gelykte bereik maar toe stuit hulle teen 'n twaalftal burgers, onder leiding van assistent-veldkornet Josua Bekker, wat daar gestasioneer was. Hier was hoegenaamd geen dekking vir beide kante nie en hulle het op 'n afstand van 30-40 tree op mekaar staan en skiet. As dit nie vir die weerstand van die twaalf man was nie, sou die Engelse miskien daarin geslaag het om deur te breek agter die Boere om.

Die geveg was pas aan die gang toe 'n bom onder Britz se burgers op die rant bars, maar gelukkig sonder om iemand te beseer. Dit het hulle laat opspring en na hul perde laat hardloop. Die kommandant se moed het hom blykbaar begewe want hy het vir Jan Greyling gesê: „Ek is geen krygsman nie, vat jy die leiding." Greyling het dadelik ingewillig en met die woorde: „Wie my liefhet, volg my," opgeruk na die toneel van die stryd gevolg deur die honderd man. Hulle het van hul perde afgespring en die „staan-staan" geveg voortgesit. Jan Greyling het, ten spyte van 'n ligte wond aan die een hand, koel en bedaard gebly en die burgers aangemoedig met: „Vat knap kêrels, skiet raak, skiet raak!" Merkwaardig is dat niemand aan beide kante plat gelê het om te skiet nie. Dis moontlik die enigste geveg in die groot getal gevegte wat op Suid-Afrikaanse bodem plaasgevind het, waar dit gebeur het. Nou het die Boere

 

*Josef Johannes le Roy Gouws, (links) op vyftien- en (regs) op nege-en-twintigjarige leeftyd. Die portrette is in 1884 en 1898 respektiewelik geneem deur Clarke en Marshall, bekende reisende fotograwe in die dae van die Transvaalse Republiek.*

terug geval, dan weer die Engelse, d.w.s. die gevegslinies het heen en weer geslinger. Maar die akkurate vuur van die Boere het die vyand laat omspring en die berg afvlug. Die gesneuweldes het oor 'n afstand van ongeveer 150 tree (van noord na suid) en van 300 tree (van oos na wes) verspreid gelê. Volgens die name op die monument wat teen die hang van die berg staan (agter hoë bome en nie sigbaar van die pad af nie) het daar 78 Engelse gesneuwel en volgens die name op die Boeremonument in Volksrust 15 Boere.

Al vyf broers van oom Roy het ongedeerd uit die geveg gekom. Hy is dieselfde dag met die blye tyding terug na Waschbank en is deur pa en ma toegeval met vrae oor die geveg, wie gesneuwel het, wie gewond is, ens. Die volgende dag het oom Jakob hom na plase in die nabyheid gestuur om van die geveg te gaan vertel.

Gedurende die vredesonderhandelinge het genl. Piet Joubert vir oom Roy van Majoeba af te perd gestuur na Karel Roodt, 'n winkelier te Begin-der-lyn, Ermelo, met 'n brief waarin lg. gevra is om met die tolkery te help.

Terloops kan ek hier meld dat oom Roy in Junie 1900, toe die Boere die hele Laingsnek in afwagting op genl. Buller se aanval uit Natal sterk verskans het — die reste van die loopgrawe is nog te sien — ternouernood die dood ontsnap het op dieselfde terrein waar die geveg van Laingsnek 19 jaar te vore plaasgevind het. Hy en 'n maat, Willem Moolman, het teenoor mekaar in 'n klipkraaltjie gesit met die rug teen die muur, toe 'n liddietbom tussen hulle val. Die grond was sag en die bom het 'n paar voet die grond ingedring voordat dit ontplof het. Albei van hulle was bedek met grond en kraalmis maar hulle is gelukkig nie beseer nie. Tydens ons besoek aan die terrein in 1956 het oom Roy daar rondgestap en jou waarlik die reste van die kraaltjie gevind. Met voldoening dat hy die plek na 56 jaar opgespoor het, het hy met trots uitgeroep: „Net hier het die bom geval."

*Jameson-inval.*

OP Nuwejaarsdag 1896 ('n Woensdag) was daar 'n groot fees op Vyfhoek, die plaas van Dirk Kemp. Behalwe die oumense en die kinders was daar omtrent 20 jongmense bymekaar. Almal was in 'n vrolike, opgewekte stemming vol verwagting vir die maaltyd en vir die dansparty na sononder. Na so 'n bietjie „Boeresport" — stoktrek, skilpadtrek, hakke-krukke, ens., het hul met speletjies, nogal Engelse speletjies soos „Walking on the green grass" en „Rise Sally Waters" begin.

Te midde van die vrolikheid kom daar, omstreeks 10-uur in die môre, 'n man op 'n harde galop aangejaag. Dit was Hendrik van der Merwe, een van veldkornet Gaaf Swart se vier „kommandeermanne" in Wyk II van die distrik Wakkerstroom.(15) Almal het gewonder wat aan die gang was. Toe hy van sy

(15) Hierdie kommandeermanne is uitgestuur om kommandeerkennisgewings rond te neem. Hulle is van verdere krygsdiens vrygestel. Hendrik van der Merwe het die plase in 'n uitgestrekte streek moes besoek en omtrent 80 burgers kommandeer. Hy was van die oggend tot die nag in die saal.

perd afklim, sê hy: „Julle is vrolik nè, maar hoor hier, hoor hier!" Hy haal 'n vel papier uit sy sak, kyk dit deur en sê: „Is jul almal hier?" Hy lees daarop 'n 8-10 name af en sê: „Daar het 'n oorlog in Johannesburg uitgebreek en julle word gekommandeer om môreoggend om 8-uur op die plaas, Skurwepoort, van kommandant Gert Britz, te wees met perd, saal, toom, geweer, 50 patrone en mondprovisie vir drie dae." En hy voeg doodernstig die volgende woorde, soos 'n nagedagte, daarby: „Mens kan die gebulder van die kanonne van ver af hoor." Hy kon ook nie veel meer van die „oorlog in Johannesburg" vertel nie. Hy is dadelik weg — oom Roy weet nie of hy by ander Nuwejaarsfeeste uitgekom het nie.

Soos mens kan verwag, was die ontsteltenis oor hierdie onverwagte mededeling baie groot. Niemand kon 'n woord sê nie, almal was doodverslae. „Nog nooit," sê oom Roy, „het jy vrolikheid so skielik in droefheid sien verander nie." Die vroumense was aan die huil, die mans het ook maar weemoedig gevoel. Die naturelle word gou wild en wakker geskreeu om in te span en op te saal. Bakke met kos wat vir die maaltyd saamgebring is, koppies, pierings, ens. word haastig ingepak en opgelaai, die kinders bymekaar gemaak en binne 'n halfuur was die gaste op 'n streep weg huis toe. Van die maaltyd — en die melktert — en van die dansparty het daar natuurlik niks gekom nie.

Oom Roy sê dat reeds met die ry huis toe hulle onder mekaar gereël het wie 'n wa sou gee, wie osse en hoeveel. Tuis gekom, moes die burgers vir die oorlog gereed maak. Vir die perd, geweer, ens. moes gesorg word en die vrou of moeder moes in alle haas kos vir drie dae bymekaar maak. Tant Nellie het 'n halwe skaap en 'n paar brode byderhand gehad vir drie van haar seuns: Willem, Roy en Petrus. Hulle is die volgende dag vroeg met Hendrik du Preez se wa weg; by hulle was ook Alfred Robertson.

In die loop van die Donderdagmôre het die waens van Wyk II op Skurwepoort vergader en teen 4-uur is hul weg. By Leeurand, naby Amersfoort, het Wyke I en III bygekom. Daar was nou 72 waens bymekaar met byna 700 man. Elke burger het twee (in sommige gevalle drie) perde saamgebring — 'n naturel te perd het sy baas se perd (of perde) in die hand gehad. Dit was dus 'n baie lang streep waens en perde wat die lang tog van ongeveer 150 myl na Johannesburg moes aflê. Gelukkig was dit in die somer en was die weiding vir die diere volop.

Die roete was as volg: Skurwepoort (naby Amersfoort) tot by Vaalrivier (bokant Bloukop); 'n nagtrek tot by Blesbokspruit; 'n dagtrek tot by Venter se plaas aan die bo-ent van Wilgerspruit; 'n dagtrek tot by Salomon se plaas; 'n nagtrek tot op Boksburg waar hul vroeg die Maandagmôre (6 Januarie) aangekom het. Langs die pad was die uitspantyd telkens nie langer as 45-60 minute nie. Die perde het goed gehou maar die osse was feitlik kapot. „En toe ons daar kom," sê oom Roy, „was die hele ding verby".[16]

(16) Jameson het reeds op 2 Januarie oorgegee. Hiervan het hul langs die pad gehoor maar van die „oorlog in Johannesburg" het hul niks verder verneem nie.

Die kamp waar die „Reformers" opgesluit was, was tussen Boksburg en Johannesburg. Oom Roy het 'n endjie per trein daarheen gegaan. Hy het 'n paar van hulle geken, o.a. Percy FitzPatrick en dr. Mitchell en onder voorwendsel dat hy sake aan die gang met sy kennisse het wat nie uitgestel kon word nie, het hy 'n pas gekry om hulle in die kamp te besoek. Toe hy binnekom, sien hy 'n paar groepies van hulle besig om die „Standard and Diggers News" te lees. Hy stap nader en FitzPatrick kyk op en vra: „Hullo Roy, what are you doing here?" Hierop antwoord oom Roy: „I have come to tell you chaps that you are all going to be executed tomorrow morning." Hulle het geskrik maar hy het dadelik daarby gevoeg: „All right, I am just making fun of you."

'n Dag of wat later is hy saam met kommandant Britz en veldkornette Rooi Josef Joubert, Jan Moolman en Sassenberg, Albertus Stoop e.a. per trein na Pretoria — „net om te kyk wat daar aan die gang was." Die stad was vol burgers te voet en te perd en daar het groot opgewondenheid geheers. Op straat het hy iemand hoor sê dat die balk van Slagtersnek vir die teregstelling van Jameson en 'n paar van sy mense na Pretoria behoort gebring te word.

Hy en Albertus Stoop het toevallig vir Tjaart Kruger raakgeloop en saam met hom na die Raadsaal gestap. Hulle is na die president se kantoor en Tjaart het sonder om te klop die deur oopgemaak. Daar sien hulle die president in gesprek met sir Jacobus de Wet, die Britse agent te Pretoria. Hulle het dadelik omgedraai en buite gewag. Na 'n ruk het sir Jacobus uitgekom en in sy landau, getrek deur twee blink perde, weggery.

Op my vraag of daar enige dankbetuiging van die owerhede was vir die snelle mobilisasie van die burgers, het oom Roy geantwoord dat daar geen toesprake of afskeidsfunksies van enige aard was nie. Die regering het egter goed vir hulle gesorg deur tente te stuur en 8-10 slagbeeste en brood elke derde dag. Die Wakkerstroomers is omstreeks 16 Januarie terug huis toe.

*Magato-oorlog.*

Na die Jameson-episode is oom Roy driekeer gekommandeer om naturelle-onluste in die noorde van die republiek te help demp. Die derde keer was dit die Magato-oorlog in 1898. Die Wakkerstroomers is per trein van Volksrust af tot naby Potgietersrus, destyds die terminus van die spoorweg, vervoer. Die veldtog was gou verby en niks besonders waarin oom Roy betrokke was, het gebeur nie. Hy vertel egter twee amusante staaltjies i.v.m. die kommandolewe.

Vir die handhawing van die orde in die laer is 'n sg. „kajuitraad" gekies. Alle lede van die kommando, insluitende die offisiere, kon stem. Dit was 'n heeltemal onoffisiële liggaam wat meer ter wille van die pret as iets anders daargestel is. Die lede van die „kajuitraad" was die volgende: landdros (Willem Bührman), publieke aanklaer (Alexius Smit), geregsbode (Hans Ackerman) en twee „polisie". Die regulasies was baie eenvoudig, o.a. jy mag nie vloek nie, die laer moet sindelik gehou word (nie nader as 200 tree van die tente af nie),

ens. Die enigste straf was „beesvelry" — soveel gooie na gelang van die erns van die oortreding.

Oom Roy vertel dat die vel van die eerste bees wat geslag is, as straftuig gereed gemaak is, d.w.s. omtrent 30 oë (of gate vir die hande) is rondom die rand van die vel gesny. Die eerste oortreder was Gert Britz, Wakkerstroom se kommandant. Hy is voor die raad aangekla dat hy 'n naturel ('n Zoeloe) gevloek het. Tot groot vermaak van almal is hy tot tien gooie veroordeel. Oom Roy sê hy kon dit darem nie veel dat hulle offisier so 'n straf moet ondergaan nie en nadat hy eenmaal gegooi is, het hy (oom Roy) die res van die straf op hom geneem. „Jong! en toe het hul uitgehaal om my so hoog moontlik in die lug op te skiet. Hul het geskater van die lag."

Soos te begryp, was die burgers baie lugtig vir die beesvel en is straf vir oortredings nie dikwels toegepas nie.

Die Tweede Vryheidsoorlog was 'n „ernstige saak" en geen kajuitraad is toe gekies nie. Daar was egter „onoffisiële" gevalle van beesvelry. Oom Roy het gehoor dat selfs gevange Tommies met hierdie uiting van Boerepret in die Vrystaatse laers kennis gemaak het.

Die ander insident het by Soutpansberg plaasgevind. Genl. Piet Joubert — „hy was 'n versigtige man" — het 'n klipmuur vier voet hoog rondom die laer laat stawel. Die tente het langs die muur af gestaan en in die middel was die waens, die beeste en die perde. Snags is daar by die poorte of ingange waggestaan.

Een aand — die maan het helder geskyn — vertel oom Roy, is hy en Stoffel Viljoen om 10-uur afgelos. Dit was 'n bloedige warm dag gewees. By die eerste tent wat hul verbygegaan het, sien hul Piet de Klerk heeltemal nakend op sy maag lê, vas aan die slaap. „Jong," sê Stoffel, „ons moet hom darem op sy sitplek merk." Hy tel 'n ribbebeen op en krap daarmee 'n klomp teer van die as van 'n wa af. Maar die teer was te hard en om dit sagter te maak, het hy die been oor die kole van 'n vuur gehou. Hy het nie opgelet dat die teer „aan die kook" geraak het nie en toe hy die arme Piet op sy sitplek „streep" het hy hom erg verbrand.

Om so uit jou slaap gewek te word, was natuurlik geen aangename ondervinding nie. Piet het hardop geskreeu en al die slapendes in sy nabyheid wakker gemaak — hy het gedink „al die kaffers steek hom met assegaaie dood".

Oom Roy en Stoffel het gemaak dat hul weg kom maar Piet het gesien wie dit was en Stoffel gaan aankla. Die volgende môre is laasgenoemde na die groot tent van genl. Joubert ontbied waar 'n vergadering van al die kommandante aan die gang was. Toe die generaal van sy adjudant verneem dat dit Stoffel was wat voor hom staan, was sy eerste woorde: „Wat neuk jy met teer op Piet de Klerk se ...?" Stoffel het geantwoord: „Ek is baie jammer, Generaal. Piet is 'n vriend van my. Ek het dit vir die pret gedoen en het nie

geweet dat die teer kokend was nie." „Nouja," sê die generaal, „ek beboet jou 10/- en jy staan wag in Piet se plek totdat sy ..... gesond is."

Die saak was hiermee binne 'n paar minute afgehandel. Dit was 'n mooi voorbeeld van die nugtere breë geregtigheid („rough and ready justice") in die goeie ou dae. In enige ander leër sou daar 'n groot bohaai oor die voorval gewees het met rapporte, mediese sertifikate, en dies meer.

## *P E R S O N E*

Oom Roy vertel die volgende omtrent bekende persone met wie hy in aanraking gekom het.

*President Kruger:*

HY het die president die eerste keer by Majoeba gesien en in later jare dikwels by hom aan huis gekom. Oom Paul was wonderlik vriendelik en innemend. Die bekende verhaal van die slaapklere het oom Roy van Tjaart gehoor. Die president het dit in Engeland gekoop toe hy in 1884 daar as leier van die Deputasie was. Hy het dit een aand aangetrek en toe tant Sina dit sien — sy was al in die bed — vra sy: „Paul, wat het jy daar aan?" Hy verduidelik dat mense in Engeland in sulke nagklere slaap. „Nee wat, Paul," sê sy, „trek uit daardie Engelse goed, trek jou broek aan en kom slaap."

Oom Roy was teenwoordig in 'n vergadering wat die president in die neentigerjare op Belfast toegespreek het toe die stemregkwessie so aktueel was. 'n Sekere Thomas, 'n Engelse winkelier, het hom gevra: „President, julle alleen het die leisels van die wa in die hande. Waarom kan die Uitlanders nie ook van die leisels kry en die staatswa help bestuur nie?" „Ja," antwoord die president, „ek sal vir julle die leisels gee en as ek vir my kom kry, staan die wa in ‚Ouma' [17] se waenhuis." 'n Groot gejuig het op hierdie gevatte antwoord gevolg.

Die laaste keer wat oom Roy die president 'n vergadering hoor toespreek het, was op Machadodorp kort voor laasgenoemde se vertrek in September 1900 na Europa. Die president het agter op die trein gestaan.

Sy teks uit Jesaja was: „Een mens die gezworen heeft tot zijn eigen nadeel, verandert niet".[18] Wat hy gesê het, het hierop neergekom dat hy die burgers aangemoedig het om met die stryd vol te hou, kos wat dit wil. Die president was soms so bewoë dat hy byna nie kon praat nie.

(17) Koningin Victoria.

(18) Oom Roy het die woorde van die teks byna korrek onthou. Dit staan nie in Jesaja nie maar in Psalm 15 : 4: „ . . . heeft hij gezworen tot zijne schade, evenwel verandert hij niet".

*Genl. Piet Joubert:*

HY is beskou as 'n baie bekwame man, maar met die oorlog het dit geblyk dat hy te kort geskiet het wat krygslis betref. Hy was nie 'n vriendelike man nie en was soms baie kortaf. Weens sy verwantskap met hom het oom Roy vrye toegang tot sy huis gehad. Tant Drienie het nie daarvan gehou dat mense aan die voordeur moet klop nie. Hul moet sommer instap. „Diè wat weet hul mag nie binnegaan nie, sal dit nie doen nie, die ander wel."

*Martinus Wessel Pretorius:*

HY was 'n vriendelike waardige man en was in die wandeling as „Martiens' bekend.

Oom Roy vertel 'n interessante verhaal omtrent hom. Dit was kort na die anneksasie in 1877 dat Martiens na Pietermaritzburg gegaan het om oor een of ander saak te onderhandel. (Oom Roy weet nie wat dit was nie). Daar is hy onder arres in 'n huis geplaas en wagte het enige omgang met hom belet. Genl. Piet Joubert, Stoffel Botha en Albertus Stoop het hiervan gehoor en hul het 'n oorlamse naturel, met die naam Stuurman, met twee perde na Pietermaritzburg gestuur om Martiens daar te gaan „steel". Oom Jakob Gouws het 'n geel perd met die naam „Slagveld" gegee en Stoffel Botha 'n bruine met die naam „Venus". „Slagveld" het hierdie naam gekry omdat 'n wildehond 'n stuk vleis uit sy boud gehap het toe hy nog 'n vul was.

Stuurman het uitgevind waar Pretorius aangehou is en het opgelet dat 'n meid op gesette tye elke dag kos na die huis neem. Hy het maats met haar gemaak en haar omgekoop om 'n brief van genl. Piet Joubert in te smokkel. Dit het sy gedoen en Pretorius het op 'n bepaalde nag deur die tuin gekruip en saam met Stuurman ontsnap. Deur die hoofpaaie te vermy, het hul Waschbank veilig bereik. Vyf dae later het genl. Piet Joubert en Albertus Stoop opgedaag en Pretorius is saam met hulle weg. As beloning vir sy hulp het Stuurman 'n plaas van 6,000 morg present gekry.[19]

Enige jare na oom Jakob se dood in 1884 was M. W. Pretorius tweemaal op Waschbank, nie i.v.m. politieke sake nie maar omdat hy 'n oog op die weduwee tant Nellie gehad het. By sy tweede besoek het die twee eendag alleen in die eetkamer sit en praat. Hulle het nie opgelet dat die deur na die kamer langsaan oop was nie en dat Petrus daar binne was nie. Petrus het die oud-president hoor sê: „As jy dink soos ek dink, is ons twee wragtag net nou verenig." Maar tant Nellie wou hom nie hê nie; sy is toe in 1890 met die wewenaar Karel Landman, jnr., getroud.

(19) Vreemd genoeg is daar niks in die Natalse Argief oor hierdie voorval nie. Stuurman egter was goed bekend. Hy het in 1861, 1864 en 1868 as tolk opgetree in die onderhandelinge tussen Pretorius en die Zoeloes i.v.m. die grens tussen Transvaal en Zoeloeland.



*Oom Roy Gouws (links) gebore 1869 en sy broer Petrus, gebore 1871. Die foto is in 1956 op die plaas Waschbank, dist. Wakkerstroom, geneem.*



*Grafte van die ouers van oom Roy, Jakob en Petronella Gouws, op Waschbank, Wakkerstroom.*

*Rhodes en Jameson:*

DIT was met een van sy besoeke as transportryer aan Bulawayo dat oom Roy met hierdie twee here kennis gemaak het.

Drie dae voor sy aankoms aldaar het hy in die nag 'n leeu doodgeskiet wat op een van sy osse gespring het. Die leeu is afgeslag en die vel is gesout en opgevou. Op Bulawayo aangekom, was hy besig om die vel oop te spalk toe 'n spaaidertjie, sonder kap en getrek deur twee muile met 'n kleurling-drywer, stilhou en twee mans uitklim. Hy het nie geweet wie hul was nie. Een van hul vra hom of die vel vir die maak van rieme gebruik kon word. „No, Sir," antwoord oom Roy, „but I think I will get £10 for it."

Onder die praat oor die leeu het een van die twee (dit het later geblyk dat dit Jameson was) oom Roy gevra of hy weet wie die ander man was. Hy was verwonderd om te hoor dat dit Rhodes was. Jameson het hom gesê dat as Rhodes die leeuvel vra, hy nie moet weier om dit te gee nie. Toe die kleurling die vel kom haal, het oom Roy dit sonder meer gegee.

Hy het byna 'n maand lank op 'n vrag terug na Ladysmith gewag. Intussen het hy dikwels met Rhodes en Jameson in aanraking gekom. Hy het eenmaal saam met hulle gaan jag. Hulle het nie self geskiet nie. Toe vyf wildehonde verby draf, het dit oom Roy geluk om twee met agtereenvolgende skote te skiet; die ander drie het in die bosse verdwyn. 'n Paar stukke wild is die dag ook geskiet.

Hy het eindelik sy vrag terug gekry (sestien olifanttande en 'n paar rolle wildvelle) die wa gelaai en dit so lank vooruit laat gaan terwyl hy na Rhodes se rondawel gegaan het om te groet. Met al die gesels, was die wa al 'n end weg toe Rhodes hom vra waar dit was. Toe hy verneem dat dit al vort was, het Rhodes die spaaidertjie laat inspan om oom Roy weg te neem. By die vertrek het Rhodes hom 'n verseëlde koevert gegee waarop „Mr. Hose" geskryf was. Langs die pad het hy dit oopgemaak en tot sy verbasing 'n tjek vir £25 daarin gevind. „Dis die meeste geld," sê oom Roy, „wat ek vir 'n leeuvel ontvang het."

„Rhodes," vertel oom Roy, „was 'n wonderlik geniale man. Jy is nie vyf minute in sy geselskap nie of jy voel dat hy jou maat is. Jameson was nie van hierdie geaardheid nie. Dit is jammer dat Rhodes nie tot 1910 gelewe het nie. As hy by was toe die grondwet van die Unie opgestel is, sou daar vandag sekerlik nie 'n Rhodesië gewees het nie, ook nie die drie protektorate nie. Rhodes sou al hierdie gebiede by die Unie laat aansluit het."

*Tweede Vryheidsoorlog*

OOM ROY het dwarsdeur die oorlog in die veld gebly. Dit sou te veel ruimte in beslag neem om van al sy wederwaardighede te vertel en slegs enkele insidente en beskouinge kan weergegee word.

Hy is tweemaal gewond. By Ladysmith het 'n bomskerf hom in die arm getref en die been gebreek. Dr. Juriaanse (tans nog in lewe) en die Lingbeeks

van die Nederlandse Ambulans het die arm behandel. Later in die oorlog het hy 'n vleiswond deur die dy gekry; sy perd is onder hom doodgeskiet.

Toe die oorlog uitbreek, het hulle geweet dat daar 'n baie harde stryd op hul wag. Daar was egter mense — 'n baie klein minderheid — wat gedagtig aan die „Majoeba-oorlog" gereken het dat hulle die Engelse „tot by die tooms van die perde" in die see sou jaag.

Die kommando van Wakkerstroom (700-800 man sterk onder leiding van kommandant J. A. Joubert) het deelgeneem aan die veldslae van Talana, Colenso en Spioenkop en is na die ontsetting van Ladysmith per trein na die Vrystaat gestuur om die opmars van lord Roberts na die noorde te probeer stuit. Die Engelse het oor 'n baie uitgestrekte front opgeruk. Die Boeremagte was heeltemal te klein om die vyand by Sandrivier te keer en hulle moes noodgedwonge terugval. Op Vereeniging is die Wakkerstroomers aangesê om na Laingsnek te gaan ten einde die laer van genl. Buller te belet om Transvaal in daardie buurt binne te val. Die Engelse het egter nie 'n frontaanval op die nek gemaak nie maar het by Bothaspas (tussen Newcastle en Memel) oor die Drakensberge gegaan, by Allemansnek deurgebreek en Volksrust bereik. Die sterk posisie by Laingsnek met die loopgrawe en al moes toe ontruim word.

Die Wakkerstroomers het na Vryheid getrek maar later teen genl. Buller opgeruk toe laasgenoemde na Standerton deurbreek. Na heelwat omswerwinge het die kommando deelgeneem aan genl. Louis Botha se inval in Natal en aan die mislukte aanval op die Engelse forte by Itala („Veldkornet Dannhauser het ons laat weet dat die forte nie sterk was nie en ons het ons vasgeloop"). Maar hulle het 'n paar dae later 'n groot konvooi van 49 waens by Melmoth gevange geneem. Tot die end van die oorlog het hulle orals in Oos-Transvaal rondgeswerf, en aan menige geveg deelgeneem. Toe die winter van 1902 nader, het verskeie burgers aan genl. Botha gesê dat hulle nie nog 'n winter in die veld gaan deurbring nie.

Oom Roy praat met entoesiasme oor genl. Botha as mens en as krygsman. Hy was vriendelik en genaakbaar en het 'n verbasende geheue vir mense se name gehad. Hy was nooit angstig nie, het altyd die indruk van kalme bedaardheid gegee en het nooit sy lyf vir koeëls weggesteek nie. „Ek het by Spioenkop gesien," sê oom Roy, „dat hy onder die hewige geweervuur van die een posisie na die ander op sy gemak loop."

'n Ander baie bekwame en wakkere aanvoerder was kommandant Opperman wat by Onverwacht gesneuwel het. „Ons het baie oor hom getreur en het gewonder hoe ons sonder hom gaan klaarkom."

'n Insident waaroor oom Roy met weemoed praat, is van die doodskiet van 'n sekere kapt. Digby tydens die geveg by Modderspruit. Kommandant Joubert het gesien dat 'n afdeling Engelse met 'n kanon deur 'n nek in die rigting van die kommando's van Middelburg en Krugersdorp ry. Hy het gevrees dat die Boere miskien van agter af sou kon bestook word en hy het

oom Roy en Piet Uys met 'n rapport gestuur om genoemde twee kommando's te waarsku. Maar die Engelse is tog gesien en met die eerste skoot het 'n Boerebom die Engelse kanon vol getref en die loop afgeskiet.

Met die ry oor 'n randjie gewaar oom Roy die helmhoed van 'n Engelsman te perd. Hy het dadelik van sy perd afgespring. Die Engelsman het waarskynlik op daardie moment nie opgekyk nie maar toe hy oom Roy sien, het hy ook afgespring. Maar oom Roy was eerste gereed en hy skiet die Engelsman voor op die bors in net toe laasgenoemde sy geweer lig om te skiet. So 'n 10-12 Engelse wat agter gery het, het omgeruk en weggejaag. Oom Roy het 'n paar skote op hulle geskiet maar niemand geraak nie.

Hy stap toe terug na die gekweste Engelsman en sien dat hy klei van sy bloed en grond gemaak het en dat hy die klei in die koeëlgat stop in 'n poging om die bloeding te keer. „Hullo, old man," sê oom Roy, „can I do anything for you?" „Yes," sê die Engelsman, „send a message to my mother; tell her not te weep over me and give my love to Mary." Dit was sy laaste woorde. Op 'n brief wat uit sy sak gesteek het, het oom Roy gesien dat die Engelsman kaptein Digby was. „Wil jy my glo dat ek daar by die dooie Engelsman staan en huil het. So 'n mooi jong kêrel! Ek het my self afgevra watter kwaad hy ooit aan my gedoen het. Maar dit was oorlog en as hy my eerste gesien het, sou dit miskien ek gewees het wat gesneuwel het."

Die volgende insident, soos oom Roy dit gesien het, is gelukkig van 'n ander aard. Dit was die gevangeneming van die later so bekende sir Winston Churchill.

'n Groot kommando onder genl. Piet Joubert het van Colenso af suidwaarts in die rigting van Estcourt getrek. Oom Roy het hoor sê dat dit gedoen is om die Engelse magte, wat reeds in Suid-Afrika was en nog op weg hierheen was, deur hierdie magsvertoning na Natal te lok sodat hul nie miskien op 'n ander front die republieke met groot getalle aanval nie.

Die kommando was op weg toe hulle 'n gepantserde trein in die rigting van Frere-stasie sien gaan. Genl. Botha wat in die nabyheid was, het opdrag gegee dat die spoor opgebreek moes word nadat die trein verby was. Ongeveer 40 man van die kommando is toe na die treinspoor op 'n plek waar dit 'n draai maak. Hulle het die dwarslêers probeer optel maar omdat hulle dit teen die draai gedoen het, kon hulle die spoor nie omgooi nie. Intussen het Barend van der Merwe, Dirk Steyn en iemand anders 'n groot ronde ysterklip aangerol en dit onder die spoor ingedruk. Hans Moolman, wat op 'n koppie langs die spoor op die uitkyk was, het die trein sien terugkom en geskreeu: „Kêrels, oppas, daar kom hy." Almal het pad gegee. Die trein het in volle vaart om die draai gekom, teen die groot klip gestamp en die voorste twee trokke het omgeslaan.

Daar is hewig op en uit die trein geskiet. Die lokomotief en die kolewa het daarin geslaag om weg te kom maar die agterste twee trokke het bly staan. Eerlang het die Engelse 'n witvlag gehys en oorgegee.

Oom Roy vertel dat hy, Reggie Peters, Thomas Alcock en Henry Goodwin saam met baie burgers na die trein geloop het. Daar sien hul iemand haastig stap in die rigting waarin die lokomotief gegaan het. Peters het vir hom geskreeu: „If you don't stop, I'll shoot." Hy het toe stilgestaan en gesê dat hy Churchill is en dat hy nie 'n soldaat was nie maar 'n korrespondent van die „Morning Post". Peters sê toe: „What about your revolver?" Churchill het niks gesê nie en die rewolwer hom aangebied. Laasgenoemde wou dit nie aanneem nie en gesê hy moet dit aan 'n offisier oorhandig.

Van die Wakkerstroomers wat aan die geveg deelgeneem het, het Dirk Steyn 'n koeël deur die kuit van sy linkerbeen gekry terwyl Dawid Louw skrams op die agterkop geraak is. 'n Paar perde is doodgeskiet.

Die gevange Engelse moes ver marsjeer om by 'n laer te kom. Gert Beukes, die veldkornet, het 'n brief na die kommissariaat gestuur en gevra dat daar kos aan die gevangenes gebring moes word. Dit was geteken Gert Beukes V.C. (d.w.s. Veld Cornet). Toevallig het Churchill langs hom gestaan. Hy wys hom die brief en sê skertsend in Afrikaans: „Dè neef, wil jy lees?" Churchill kon die Hollands natuurlik nie lees nie maar hy sien die naamtekening en sê verergd: „Where the h.... dit he get the V.C.?"

Die aansluiting van sommige burgers by die Britse leër as National Scouts het groot verbittering veroorsaak. Daar was drie soorte National Scouts. Die meeste van hulle was burgers wat onder die Roberts-proklamasie (Maart 1900) oorgegee het. Aangesien alles op die plase mettertyd verwoes is, het hulle na die dorpe gegaan en omdat hulle totaal sonder inkomste was, het hulle om in die behoeftes van hulself en van hulle gesinne te voorsien maar gejoin. Die tweede groep — nie te talryk nie — het gejoin met die idee om die Britse leër te help om 'n einde te maak aan wat in hul opinie 'n onnodige verlenging van 'n hopelose stryd was. Dan was daar Engelse en halwe Engelse — burgers van die republiek — wat ook gejoin het. Onder die joiners was daar enkele skurke wat op die plase van die oorblywende beeste en skape gebuit het en aan die Britse leër verkoop het. Party van hulle het skatryk uit die oorlog getree.

Wat so griewend was, was dat vriende en soms familiebetrekkinge by die vyand aangesluit het. By een geleentheid, vertel oom Roy, het hulle sewe joiners gevange geneem. Hul is voor 'n krygsraad gebring en vyf is tot die dood veroordeel. Daar was verskil van opinie of hulle skuldig was of nie want hulle was ongewapend en in gewone klere gekleed. Die teregstelling het heftige argumente afgegee, die uitwerking waarvan was dat „'n hele boel" gejoin het ten einde hulle op die burgers nog te velde te wreek.

By 'n ander geleentheid is 'n klompie Engelse gevange geneem en onder hulle was die kommandant se eie broer. Laasgenoemde het kort tevore gejoin. Hy is van hoogverraad aangekla en het voor die krygsraad verskyn. Hy het hoog en laag gesweer dat hy gedwing is om aan te sluit en dat hy nie 'n enkele skoot op die burgers afgevuur het nie. Hy is tot twintig houe met 'n stiegriem gevonnis en is saam met die Tommies losgelaat.

Dit het soms gelyk of die stryd in 'n soort burgeroorlog ontwikkel het. „Dit is wonderlik," sê oom Roy, „dat die verbittering na die oorlog nie lank geduur het nie. Genl. Botha, trouens, het gesê: ‚Dis wel moeilik om te vergeet maar dit is maklik om te vergewe'."

Iets wat die burgers dwars in die krop gesteek het, was die bewapening van naturelle. Hulle is nie as oorlogvoerendes erken nie en is by gevangeneming doodgeskiet. Wat die boere nie kon begryp nie, was dat naturelle wat jarelank tevrede en rustig op die plase gewerk het, gaan join het. Oom Roy het nie gehoor van aanhitsing onder hulle teen die Boere nie maar onthou moet word, sê hy, dat die naturelle se vee, mielies, ens. deur sowel Boere as Engelse gebuit is en dat hul later hoegenaamd geen kos gehad het nie. Om geld in die hande te kry, het hul maar gejoin. „Baas," het een van hulle aan oom Roy gesê, „ons kon nie anders nie, ons het gevrek van die honger." Die verontskuldiging van 'n ander was dat die duiwel in hom gevaar het. Wonderlik genoeg het baie van hulle na die oorlog teruggekeer na die plase van hul vorige base en hul werk hervat.

'n Afdeling wat baie kwaad gedoen het, was diè onder Steinacker; dit het bestaan uit Engelse, National Scouts en naturelle en was gestasioneer te Stegi.

Die verwoesting van die plase en die uitdelging van die vee het onbeskryflike ellende meegebring. Baie van die Wakkerstroomse mense het in Volksrust se konsentrasiekamp beland en baie sterfgevalle het voorgekom.[20]

Die wonings op beide Waschbank en oom Roy se plaas is afgebrand. Allerhande voorwerpe wat uit die dae van die Groot Trek gedateer het, is daarmee heen, o.a. 'n tafeltjie (geelhoutblad en stinkhoutpote) wat uit die Kolonie saamgebring is, ook die groot karring van ouhout gemaak. Tant Nellie was baie gesteld op hierdie tafeltjie; die blad het uit drie stukke bestaan en is met ivoor-swaelsterte aanmekaar geheg.

Ten spyte van die lyding wat die vroue moes verduur, het oom Roy nie van 'n enkele een gehoor wat verraad teen haar eie mense gepleeg het nie.

Die kommando-lewe was baie hard, veral gedurende die laaste jaar van die oorlog. Daar was geen tente of kommissariaat nie. „Ons kos het bestaan uit beesvleis sonder sout." Toe hulle klere gedaan was, het hulle die Tommies „uitgeskud" en hulle soms heeltemal nakend laat loop. „As die hemp te vuil was, het ons dit nie gevat nie. Ons het hulle ‚keile' nie gedra nie want diè was gewoonlik vol luise." Baie Boere het Engelse uniforms gedra, oom Roy ook. Gewere en ammunisie is van Engelse gebuit. Op een tydperk het hulle vir bykans drie maande nie 'n enkele rytuig gehad nie. Hulle het geen reisende ambulans gehad nie en siekes en gewondes is dikwels onder die witvlag na die Engelse gestuur. Die hulp van vier Engelssprekende dokters is soms ingeroep, nl. Euvrard (Ermelo), Watt (Wakkerstroom), Trent (Vryheid) en Bostock (Amersfoort).

(20) Die grootste inwonertal was 5,462 (in Julie 1901). Vanaf April 1901 tot April 1902 is 773 mense oorlede (J. C. Otto: „Die Konsentrasiekampe", bls. 172).

Laasgenoemde het kommandant Josua Joubert na Volksrust vergesel toe dié se arm afgesit moes word.

Oom Roy het op 22 Junie 1902 op Wakkerstroom wapen afgelê. Uit die kommando van om en by 800 man was daar ongeveer 117 Bittereinders maar baie burgers het, toe die vredesonderhandelinge op Vereeniging aan die gang was, vrywillig oorgegee; hulle moet dus eintlik onder die Bittereinders gereken word.

Toe oom Roy op sy plaas terugkom, was daar absoluut niks — nie eers 'n hoender nie. Hulle het op rantsoene geleef wat deur die Engelse uitgedeel is. Sy eerste taak was om vir sy moeder 'n soort onderdak in 'n deel van die waenhuis op Waschbank te maak. Sy eis om kompensasie was byna £5,000 maar hy het slegs £300 ontvang. Hy het 'n verband van £800 op sy plaas geneem, beeste en skape in die Kolonie gekoop en mettertyd weer op die been gekom.

## *Slot*

DIE jare na die oorlog het stil verloop. Hy was as getroue volgeling van genl. Louis Botha met die rebellie („'n seer ding daardie") en die kampanje in Duits-Suidwes weer op die oorlogs-terrein maar niks besonders het toe voorgeval nie.

Hy is seker een van die weinige oorlewendes uit die eerste geslag na die Voortrekkers en het in sy lang lewe 'n groot omkeer op velerlei gebied in Suid-Afrika sien plaasvind. Die ossewa en die perdekar het verdwyn en in hul plek het die trein, die motor en die vliegtuig gekom. Die vetkers is deur elektriese lig vervang. Daar word tans met trekkers geploeg en nie meer met osse nie. Die telefoon en die radio het kommunikasie grootliks vergemaklik. Die onderwys het verbasend verbeter, Afrikaans is amptelik as taal erken, die mediese wetenskap het geneesmiddels vir feitlik alle siektes ontdek, sport het die aandag van die hele wêreld beetgepak. In die jare voor die oorlog het meer as negentig persent van die Afrikanervolk op die platteland gewoon, vandag staan die syfer glo op om en by die vyftig persent, die eenvoud van die plaaslewe bestaan feitlik nie meer nie.

Dit het my by die onderhoude wat ek met hom gehad het, getref dat hy van niemand kwaad gepraat het nie. Die enigste ding waaroor hy kla, is die vereensaming wat die ouderdom meebring. Van sy tydgenote leef daar nog net drie, een van wie sy „broertjie", Petrus (tans 85 jaar oud), is.

Hy praat graag oor die verlede en soos uit bostaande blyk, het hy baie om te vertel. Die lief het hy onthou, die leed het hy vergeet.

Op hom kan die volgende reëls uit Jan Celliers se „Die Wilgeboom" toegepas word:

„Soos patriarg met ruie baard en haar
*Wat liefdevol na sy omgewing staar."*

hy het mos ook sy deeltjie bygedra tot wat tot stand gebring is.